


## Wat makeer Oupa?



"Wat makeer Oupa?" het drie-jarige Daniel sy pa gevra.

"Oupa is dood," het sy pa hom saggies gesê.

"Dood?" wou Daniel weet.

"Wel," Pa het sy woorde versigtig gekies. "Oupa slaap en sal vir ŉ baie lang tyd nie wakker word nie."

Terwyl familie en vriende om die graf gestaan het, is Oupa se kis daarin afgesak. Toe familielede grond in die graf begin stoot, gryp Daniel sy pa se arm. "Sê vir hulle om op te hou, Pappa!" het hy dringend gesê. "Oupa gaan vuil word en wanneer hy wakker word, sal hy moet bad!"

Net soos klein Daniel, is baie mense verward oor wat gebeur met ŉ persoon as hy sterf. Party mense glo dat wanneer mense sterf, hulle reguit hemel toe gaan, terwyl ander glo dat daar niks anderkant die dood is nie. Baie mense weet nie wat om te glo nie en is bang vir die dood - hulle het geen hoop nie.

Die dood raak ons almal en dit is baie belangrik dat ons verstaan wat regtig gebeur wanneer ŉ persoon sterf. Duidelike antwoorde op vrae oor die dood kan in die Bybel nageslaan word.

### Toe Jesus se vriend gesterf het

Daar is verskeie verhale in die Bybel oor mense wat gesterf het. Een gaan oor ŉ man wat in die dorp Bethanië saam met sy twee susters, Maria en Martha, gewoon het. Sy naam was Lasarus en hy en Jesus was goeie vriende.

Terwyl Jesus in ŉ ander dorp was, het Hy gehoor dat Lasarus baie siek was. Jesus het aan sy dissipels gesê dat Lasarus aan die slaap geraak het en dat Hy na Betanië sou gaan om hom wakker te maak. Vir die dissipels was dit baie goeie nuus. As Lasarus aan die slaap was, was hy besig om gesond te word. Jesus het egter reguit vir hulle gesê: "Lasarus is dood" (lees Johannes 11:4-5; 11-14).

Lasarus was reeds vier dae dood toe Jesus en sy vriende in Bethanië aankom. Maria en Martha het Jesus na die plek geneem waar Lasarus begrawe is. Jesus het gevra dat die klip voor die graf weggerol word.

Die mense het gewonder wat Jesus toe sou doen. Hulle was verbaas om te hoor dat Jesus hardop roep: "Lasarus, kom uit!" (Johannes 11:43). Hulle was verstom om Lasarus uit die graf na Jesus toe aangeskuifel te sien kom – nog met die begrafnisdoeke aan. Jesus het Lasarus uit die dood opgewek!

Volgens Jesus het Lasarus geslaap, hoewel hy nie gedroom het soos ons snags droom nie. Die Bybel sê dat wanneer mense sterf, is dit met hulle "planne gedaan" (Psalm 146:4) en dat hulle "glad niks weet nie" (Prediker 9:5). Psalm 115:17 sê: "Die dode ... sal die Here nie prys nie" en beskryf die dood as "stilte".

### Wanneer dit tyd is om wakker te word

Mense wat sterf, slaap in hul grafte en wag vir die dag wanneer Jesus terugkom om hulle wakker te maak. "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ŉ geroep, met die stem van ŉ aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan" (1 Thessalonicense 4:16).



Wat ŉ wonderlike gedagte! Ons familielede en vriende wat gesterf het, slaap rustig in ŉ droomlose slaap! Daar is niks skrikwekkends of vreesaanjaend aan hierdie slaap nie omdat dooie mense niks weet nie. As hulle wakker word na die lang slaap van die dood, sal hulle eerste vir Jesus sien wat hulle name uitroep. Hulle sal bly wees omdat hulle vir altyd by Hom sal bly.

Sommige mense dink dat almal ŉ siel het wat ná die dood voortgaan om te lewe. Toe God Adam geskep het, het Hy hom van die stof van die aarde gemaak en toe die asem van die lewe in hom ingeblaas. Die Bybel sê dat Adam ŉ "lewende siel" geword het (Genesis 2:7). Eerder as om ŉ siel te kry wat vir ewig lewe, was Adam ŉ siel - net soos ons. Toe Adam gesterf het, het sy siel nie aanhou lewe nie. Hy was so vas aan die slaap dat geen wekker hom sou kon wakker maak nie (lees Psalm 104:29).

Jesus het vir Martha gesê: "Ek is die opstan-ding en die lewe" (Johannes 11:25). In plaas van dat die dood die einde van alles is, is dit die belofte van ŉ nuwe begin wanneer Jesus terugkom.

Paulus het aan die Christen-gelowiges in Korinthe geskryf: "Kyk, ek deel julle ŉ verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ŉ oomblik, in ŉ oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word" (1 Korinthiërs 15:51-52).

Die dood is ŉ hartseer gebeurtenis. Toe God die aarde geskape het, wou Hy hê dat mense vir ewig moes lewe - sonder om te sterf. Die dood het deur sonde in die wêreld gekom. God is saam met ons hartseer wanneer ŉ goeie vriend of familielid tot sterwe kom. Eendag sal Jesus – "die opstanding en die lewe" – egter terugkom en almal wat vir Hom lief was en vir Hom geleef het, uit die dood opwek.

Wat ŉ blye dag sal dit nie wees nie! Mense wat deur die dood geskei is, sal mekaar weer sien! Kinders sal hul ouers en oumas en oupas sien; ouers en oumas en oupas sal hul kinders en kleinkinders sien. Broers en susters en vriende sal weer by mekaar wees.

En Daniël sal sy oupa weer sien!

Vir meer inligting oor hierdie en ander Bybelonderwerpe, besoek www.myplacewithjesus.com.

Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming..

GIVING LIGHT TO OUR WORLD

More on this Topic

Visit: www.hopetv.org/glow

HopeChannel

Watch Hope Channel on your TV
0860-467-388

For Free Bible Study Plans and Literature, contact:

Email: info.glowsa@gmail.com
Phone: (011) 616-6800
GLOW, PO Box 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**